

22 April

Skrifgedeelte: Markus 11:12-26 (OAV)

Vrugteloesheid of gebedsvrug?

Die geïnspireerde Markus rangskik die gebeure rondom die vervloeking van die vyeboom op so 'n wyse dat dit 'n kommentaar word op die tempelreiniging. Twee lyne moet daarom deurgaans vasgehou word: aan die een kant God se oordeel oor die vrugtelose tempeldiens; aan die ander kant die geloofsvrug van opregte gebed. Soos met die tempeldiens, dui die uiterlike vertoon van die vyeboom op die belofte van vrugte. Ook al is dit nie die tyd vir vye nie, vertoon die vyeboom wel tekens daarvan. Maar as Jesus nader gaan om "iets" daaraan te vind, vind Hy net blare. Jesus het die vorige dag dieselfde ervaring in die tempel gehad. Al die aktiwiteite daar dui op vrugbare gebruik van die tempel, maar die teendeel is waar. Die voorhof van die heidene, waar nie-Jode moes aanbid, is omskep in 'n Oosterse basaar. Die geestelike leiers wat die volk moes voorgaan in aanbidding, was ingestel op wins en smee intussen ook moordplanne teen Jesus. Die bedehuis van die Vader – 'n rowerspelonk!

Wanneer Jesus dan die aktiwiteit in die tempel tot stilstand bring deur die tafels om te keer, sê Hy daarmee dat Hy nou ook klaar is met hierdie soort van aanbidding van die volk. Dis vrugteloes en verdien geen voortbestaan nie.

Maar daarby laat Hy dit nie. Daar is nog opvoeding nodig, en dit gee Hy aan sy dissipels. Terwyl Hy die tempeldiens koninklik tot 'n einde bring, leer Hy hulle die nuwe weg na die Vader: Die weg van gelowige gebed in sy Naam. Die Vader bly bereikbaar. Op sy genade mag mense hulle vertrouwe vestig en op sy hulp hulle hoop bou.

Hoeveel van ons diens is uiterlike vertoon en hoeveel is die geloofsvrug van volle afhanklikheid aan Hom en vergewingsgesindheid teenoor mekaar? Maak jou lewe vol van opregte en afhanklike gebede en die ware vrugte sal nie uitbly nie!

Sing: Psalm 34:6,7

Ds BC Smit (Brits-Wes)